**GROEPS VRAE OOR GEBED:**

| |
|---|
| 1. Wat is gebed? |
| 2. Hoekom bid ons? |
| 3. Hoekom moet ons met God praat as ons Hom nie eers kan sien nie, ons hoor Hom nie terugpraat nie, en partykeer wonder ons of Hy ooit regtig daar is? (Rom 1:19-21) |
| 4. Die Bybel sê ons moet bid sonder ophou, en dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het. Wanneer en hoekom is ek veronderstel om te bid? |
| 5. As God 'n 'facebook page' gehad het, sou Hy JOU ge-friend het? Of wil God ooit met jou vriende wees? Joh 15:12-13 |
| 6. Hoe kan ek weet dat God luister wanneer ek bid, en dat Hy omgee waaroor ek bid? Ps 139:4 |
| 7. Hoekom antwoord God nie al my gebede soos ek wil hê nie? (Luk 22:42) |
| 8. Is daar goed wat te groot of te klein is om oor te bid? (Fil 4:6-7) |
| 9. En as ek nie weet wat of hoe om te bid nie? Wat maak ek dan – bid ek dan eerder nie? (Rom 8:26-27) |

## GROEPS VRAE OOR GEBED: Antwoorde

| VRAAG | | ANTWOORD |
|---|---|---|
| 1 | Wat is gebed? | Wanneer ons met God praat / kommunikeer |
| 2 | Hoekom bid ons? | - Om vir God dankie te sê<br>- Om vir God te vra om ons te help / of te vra vir dit wat ons nodig het<br>- Dis 'n opdrag van God<br>- Dinge gebeur wanneer ons bid<br>- Jesus noem ons Sy vriende, en Hy wil graag van ons hoor! |
| 3 | Hoekom moet ons met God praat as ons Hom nie eers kan sien nie, ons hoor Hom nie terugpraat nie, en partykeer wonder ons of Hy ooit regtig daar is? (Rom 1:19-21) | Jy kan maar net om jou rondkyk om te weet dat God regtig daar is / bestaan! Baie mense glo nie dat God regtig bestaan nie, en Rom 1:21 sê dat hierdie mense ….<br>Ek weet nie van julle nie, maar ek wil nie hê dit moet met my gebeur nie! Dit alleen is al 'n goeie rede om te bid of te begin as jy dit nie alreeds doen nie! As jy wil weet of God regtig bestaan – kyk net om jou rond!!! |
| 4 | Die Bybel sê ons moet bid sonder ophou, en dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het. Wanneer en hoekom is ek veronderstel om te bid? | Die Bybel gee ons die opdrag om aanhoudend en in alle omstandighede te bid (veral wanneer ek bang of moedeloos is). Die rede? Dinge gebeur wanneer ek begin bid!!! Onthou net, die Byel sê dat as dit in God se wil is, en ons dit vra in Jesus se naam die Vader dit vir ons sal gee. Dit beteken NIE dat ons outomaties alles kry wat op ons 'wens-lysie' is nie, maar dit beteken dat as ons iets nodig het, en dis in God se WIL vir ons – Hy dit vir ons sal gee! |
| 5 | As God 'n 'facebook page' gehad het, sou Hy JOU ge-friend het? Of wil God ooit met jou vriende wees? Joh 15:12-13 | Die vraag in baie van ons se koppe is: Het God MY lief? Die duiwel sê nee, en vertel vir jou hoe sleg jy is, en remind jou aan al die slegte goed wat jy doen of gedoen het!<br>Joh 3:16 sê dat God die wêreld so liefgehad het, dat Hy Sy enigste Seun – Jesus – laat sterf het vir JOU sondes, sodat JY nie hel toe hoef te gaan nie! So die antwoord is JA! God wil jou 'friend' wees! Die groter vraag is wil jy dit aanvaar? Die Bybel sê dat as ons Jesus aangeneem het as ons Verlosser, noem Hy ons Sy vriende, en Jesus, ons Vriend, WIL van ons hoor in gebed! |
| 6 | Hoe kan ek weet dat God luister wanneer ek bid, en dat Hy omgee waaroor ek bid? Ps 139:4 | Want God se Woord sê so! Hy hoor elke gebed, en dit wat jy bid maak vir Hom saak! |
| 7 | Hoekom antwoord God nie al my gebede soos ek wil hê nie? (Luk 22:42) | God antwoord nie al ons gebede soos ons vra nie. Selfs Jesus het gebid: nie My wil nie, maar U wil. Jesus het geweet dat God Sy gebede hoor, maar God se wil was vir Hom belangriker as Sy eie |
| 8 | Is daar goed wat te groot of te klein is om oor te bid? (Fil 4:6-7) | Nee, niks is te groot of te klein nie – ons word aangemoedig om oor enige iets te bid wat ons pla. |
| 9 | En as ek nie weet wat of hoe om te bid nie? Wat maak ek dan – bid ek dan eerder nie? (Rom 8:26-27) | Wanneer ons nie weet wat of hoe om te bid nie, sê ons net vir God hoe ons voel – en die Heilige Gees wat alles weet, kom sê dit soos ons wou, maar nie kon nie, vir God |